

**Woensdag 3 Junie**

**Skrifgedeelte: Handeling 2:1-13**

**Fokusgedeelte: Handeling 2:4**

**Die Heilige Gees laat ons die Woord sinvol verkondig**

**D**aar is al baie gesê oor hoe ons mense moet en kan bereik met die Woord van die Here. En dikwels is al wat daardeur bereik word dat ons mense oortuig dat dit daarom moeilik en ingewikkeld moet wees.

Hier lees ons egter van eenvoudige mense, wat bekend was as eenvoudige mense, en tog praat hulle so dat ander hulle verstaan – en sommige glo.

Dit is wel so dat die apostels by Jesus geleer het, maar ons lees nie van hulle dat dit hulle diep filosofiese argumente en vindingryke metodes was wat die mense bereik het nie. Dit was dat die mense hulle gehoor het en verstaan het wat hulle gesê het.

Dit word egter op 'n besondere manier duidelik gemaak dat die mense nie hoor en verstaan vanweë die vindingrykheid van die dissipels nie. Ons lees dat die Heilige Gees hulle laat praat het in die tale van die mense wat daar was sodat hulle die dissipels in hulle eie tale gehoor het.

Tussen die vermoë van die dissipels en die verstaan van die mense was daar die wonderwerk van die Heilige Gees wat hulle laat hoor het.

Ons het die wonderlike opdrag van ons Here Jesus om ander te vertel van Hom en ons redding in Hom. Hoe wonderlik is dit dan nie dat om die Woord van die Here te verkondig, nie beteken dat ons besondere en moeilike kennis nodig het nie. Ons kan maar net vertel van Hom wat ons ken, ons Here Jesus Christus, in die rustige wete dat die Heilige Gees ons verstaanbaar sal maak by dié wat Hy laat glo.

*Sing Psalm 66-1:7*

*Ds. AP de Jager (André) (Klerksdorp-Noord)*